# Ekonomiese en Markanalise

*weeklikse verslag*

## WEEKLIKSE VERSLAG: 27-31 JULIE 2009

**Tabel 1: Kern markaanwysers**

| | Week geëindig 17 Julie 2009* | Beweging vir die week | Verwagtinge vir die week |
|---|---|---|---|
| ALSI | 23944 | 401 (+1.70%) | Toename |
| Nywerheidsindeks | 22362 | 463 (+2.11%) | Toename |
| Goudindeks | 2356 | 28 (+1.20%) | Toename |
| Finansiële indeks | 17708 | 451 (+2.61%) | Toename |
| Rand/$ | R7.74 | -R0.38 (-4.62%) | R7.60/$ - R7.90/$ |
| Goudprys | $952 | $14 (+1.49%) | $940- $970 |
| Dow Jones | 9093 | 349 (+4.0%) | Toename |
| Nikkei | 9944 | 549 (+6.26%) | Toename |
| FTSE-100 | 4576 | 188 (+4.28%) | Toename |
| Hang Seng | 19982 | 1177 (+6.26%) | Toename |
| SA Eiendomsmark | 304 | 11 (+3.75%) | Toename |
| Kapitaalmark (ALBI) | 287078 | 598 (+0.21%) | Toename |

*** Sluitingspryse om 17:00**

**Al meer internasionale fundamentele aanwysers toon dat die wêreldwye ekonomiese resessie sy einde nader – en die afgelope week was geen uitsondering nie. Plaaslik het Suid-Afrikaanse aandele hul stygende neiging volgehou desondanks stakings in die meerderheid ekonomiese sektore. Buitelandse belangstelling in Suid-Afrikaanse aandele en effekte bly steeds positief. Tesame met die sterk toename in die goud- en platinumpryse, het die rand-wisselkoers teenoor al die hoofgeldeenhede geappresieer. Eiendomsaandele het uiteindelik begin om positief te beweeg soos blyk uit die verbetering van meer as 3% in die eiendomsindeks. Die marginale verbeterings in die ALBI toon dat effekte ook in aanvraag is.**

Ons verwag dat aandelepryse meer volatiel sal vertoon in die komende week, maar steeds opwaarts sal beweeg. Eiendomsaandele behoort ook voort te gaan met hul stygende neigings. Die kommoditeitspryse sal afhanklik wees van die olieprys en mag selfs aandelepryse verder laat toeneem.

Amerikaanse aandele het verlede week wéér gestyg. Dit was die skerpste toename oor 'n tweeweek-periode wat die Dow Jones Nywerheidsindeks gemiddeld sedert 2000 getoon het. Dit kan toegeskryf word aan maatskappye wat beter as verwagte resultate vrygestel het, sowel as die toename in huis-herverkope, wat daarop dui dat 'n ekonomiese herstel moontlik onderweg kan wees. Hierdie aanduiding kan selfs nog meer versterk in die komende week, aangesien beleggers die beweging van die tweede kwartaal se BBP-syfer van Amerika wat vrygestel word, sal dophou.

Ontleders verwag ook dat die Amerikaanse Dollar onder druk sal bly en dus sal verswak teenoor die Euro en die Jen. Ander belangrike data sluit in die Amerikaanse verbruikersvertroue-indeks, waar 'n verbetering vanaf 49.3 tot 49.9 punte verwag word. Bestaande huisverkope kan ook 'n verbetering toon.




Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouïng en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so `n belegging. Geskiedkundige opbrengste van `n belegging is nie `n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot

Plaaslik word die meerderheid van die maandelikse ekonomiese aanwysers vir Junie vrygestel. Woensdag word die inflasiesyfer (VPI) gepubliseer wat na verwagting sal afneem na 7.5% vir Junie. Die PPI syfers sal Donderdag vrygestel word en sal na verwagting negatief bly op -3.3% teenoor die aangetekende -3.0% vir Mei. Vrydag word die handels-, geldvoorraad- (M3) en kredietsyfers bekendgestel. M3 geldvoorraad het in Mei met 7.31% gegroei en 'n verdere inkrimping tot 7.0% in Junie word verwag. Kredietverlening deur die banksektor (PSKV) sal ook na verwagting laag bly met 'n groeikoers van 'n skamele 5.5% teenoor die aangetekende 5.7% vir Mei. Dit is moontlik dat die onverwagse handelsurplus van R2 miljard in Mei in Julie voortgesit is. Die swak vraag na invoere was waarskynlik oorskadu deur die hoër kommoditeitspryse wat uitvoer 'n hupstoot kan gee. Die volatiliteit waarmee in- en uitvoerders egter hul handel rapporteer kan egter meebring dat 'n handelsverlies aangekondig kan word. Daarom kan die verwagte handelsurplus van R1.5 miljard vir Junie maklik 'n handelsverlies van R1.5 miljard wees. Die bogenoemde syfers kan 'n aanduiding wees vir 'n moontlike verlaging in die repokoers deur die Monetêre Beleidskomitee (MBK) op hul volgende vergadering wat in Augustus sal gebeur.

Om op te som, die finansiële markte behoort die week voort te gaan om te herstel, met die Alle Aandele Indeks (ALSI) wat bo die vlak van 24 000 punte kan sluit.


Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048

Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za





Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouïng en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot

**Tabel 2: Vrystellingskedule vir geselekteerde ekonomiese aanwysers vir die week**

| Datum | Land | Aanwyser | Periode | Eenheid | Verwag | Vorige |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Jul 27 | RSA | Insolvensies | Mei | % JoJ | | -23.6 |
| Jul 27 | RSA | Likwidasies | Jun | % JoJ | | 6.8 |
| Jul 27 | VSA | Nuwe huisverkope | Jun | % MoM | 3.8 | -0.6 |
| Jul 28 | RSA | Werkloosheid | K2 '09 | % koers | | 23.5 |
| Jul 28 | VSA | CB verbruikersvertroue | Jul | Indeks | 49.9 | 49.3 |
| Jul 29 | RSA | M3 | Jun | % JoJ | 7.0 | 7.31 |
| Jul 29 | RSA | PSKV | Jun | % JoJ | 5.5 | 5.70 |
| Jul 29 | RSA | VPI | Jun | % JoJ | 7.5 | 8.0 |
| Jul 29 | VSA | Duursame goedere bestellings | Jun | % MoM | -0.5 | 1.8 |
| Jul 30 | RSA | PPI | Jun | % JoJ | -3.3 | -3.0 |
| Jul 30 | VSA | Aanvanklike werkloosheidseise | Jul 25 | 4wk, ma | 520 | 566.0 |
| Jul 30 | RSA | Verklaring van Nasionale inkomste, besteding en lenings | Jun | | | |
| Jul 31 | RSA | Handelsbalans | Jun | ZAR bn | -1.5 tot 1.5 | 2.0 |
| Jul 31 | VSA | BBP | K2 '09 | % KoK | -1.5 | -5.5 |
| Jul 31 | VSA | Chicago PMI | Jul | Indeks | 42.0 | 39.9 |

**Prof Chris Harmse**
**27 Julie 2009**

Nota: Bogenoemde is 'n fundamentele analise. Van tyd tot tyd sal die fundamentele en tegniese analise van die beweging van aandelepryse en markte noodwendig in konflik wees vanweë die verskillende tegnieke van ontleding. Oor die medium- en langtermyn behoort hulle egter in korrelasie te beweeg. Vanweë die tydsbeperking op die publikasie van hierdie verslag berus die verantwoordelikheid vir die korrektheid van die verslag daarom by die skrywer.

DynamicWealth
Established in 1971

Castle Walk Corporate Park Blok B • H/v Swakop & Nossob Straat • Erasmuskloof • 0048
Tel +27 (0) 12 484 2000 • Faks +27 (0) 12 484 2000 • www.dynamic.co.za



Die inligting en menings wat hierdie dokument bevat, is ter goeder trou aangeteken en weergegee en ons maak staat daarop dat die bronne daarvan geloofwaardig is. Hoe dit ook al sy, word geen voorstelling, volmag, onderneming of waarborg van watter aard ookal gemaak of verleen rakende die akkuraatheid en / of volledigheid van sulke inligting en / of die korrektheid van sulke menings nie. Enige belegging is spekulatief van aard en dit sluit aansienlike risiko's in. Wanneer enige beleggingsbesluit geneem word, sal u uitsluitlik staatmaak op u eie beskouïng en besigtiging van feite en aantekeninge wat betrekking het op so 'n belegging. Geskiedkundige opbrengste van 'n belegging is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Dynamic Wealth Management en Dynamic Wealth Stockbrokers (gesamentlik Dynamic Wealth) sal nie aanspreeklik gehou word aangaande enige eis, skade, verlies of koste voortspruitend uit of met betrekking tot